



GOEIE BESTUURSPRAKTYKE VIR SUKSESVOLLE BOERDERY

DEUR DR PHILIP THEUNISSEN

Ekonomies gesproke is 'n goedbestuurde boerdery een wat konstant 'n groter wins as soortgelyk gestruktureerde boerderye in dieselfde geografiese omgewing maak. Omdat eksterne makro-ekonomiese faktore, soos prys, dikwels 'n totale bedryf affekteer, is dit belangrik dat 'n boerdery se wins relatief tot 'n bedryf vergelyk moet word en nie net op 'n individuele vlak beoordeel word nie. Sodoende kan individuele bestuursvaardighede gedurende uitsonderlik voorspoedige én swak tye geïdentifiseer word.

Winsgewende boere bou hulle boerderye op rondom suksesvolle bestuurspraktyke eerder as suksesvolle boerderypraktyke. Daar is 'n belangrike verskil! Meeste boere het merkwaardige vordering gemaak ten opsigte van operasionele effektiwiteit. In die meeste geval het die bestuurspraktyke egter nie in pas met die operasionele vordering gebly nie. In hierdie reeks artikels sal daar aangetoon word hoe die beproefde bestuurspraktyke sistematies in boerderye aangewend kan word met die oog op die verbetering van winsgewendheid. Daar is beduidende verskille tussen winsgewende en nie-winsgewende boere. Sommige verskille is in areas waar daar wel veranderinge aangebring kan word terwyl ander verskille nie maklik verander kan word nie. Suksesvolle boere is denkende boere. Dit verg die vermoë om obserwasie in inligting, inligting in kennis, kennis in begrip en begrip in wysheid te omskep. Met behulp van die wysheid kan die goeie bestuurspraktyke op die plaas geïmplimenteer word.

DIE 12 AREAS VAN GOEIE BESTUURSPRAKTYKE

- AREA 1: Algemene bestuur
- AREA 2: Finansiële bestuur
- AREA 3: Produksiebestuur
- AREA 4: Bemarkingsbestuur
- AREA 5: Menslike hulpbronbestuur
- AREA 6: Aankoopsbestuur
- AREA 7: Meganisasiebestuur
- AREA 8: Risikobestuur
- AREA 9: Administratiewe bestuur
- AREA 10: Volhoubare bestuur
- AREA 11: Erfopvolgingsbestuur
- AREA 12: Bestuursinligting

Die bestuur van 'n boerdery se finansies begin met die opstel van 'n kontantvloeiëbegroting. Dit gee 'n aanduiding van wanneer kontant in die boerdery gaan vloei (inkomste) en wanneer daar weer kontant uit die boerdery gaan vloei (uitgawes). Deur die maandelikse verskil tussen die kontant in- en uitvloei te bereken, kan daar vasgestel word wanneer die boerdery kontanttekorte of -surplusse gaan ondervind.

Die kontantvloeiëbegroting, tesame met die boer se jongste balans- en inkomstestaat, kan nou gebruik word om 'n kontanttekort te ontleed. Die belangrikste aspek wat uit hierdie drie state bepaal moet word is of die boerdery winsgewend is of nie. 'n Winsgewende boerdery, selfs een wat 'n korttermyn kontanttekort ondervind, sal in staat wees om met sy inkomste sy uitgawes te dek, sy eienaar se privaattuitgawes te dek en om sy paaielemente op sy lenings te kan betaal. 'n Boerdery wat se inkomste nie hierdie drie areas van verpligtinge kan dek nie sal eers 'n voortslepende kontanttekort ondervind en daarna sy solvabiliteit begin opgebruik totdat dit op 'n punt kom waar dit insolvent is en uitverkoop moet word. Die mate waarin die boerdery daarin slaag om hierdie drie areas te dek kan gemeet word in effektiwiteit, skaal van die boerdery en die skuldstruktuur.

Effektiwiteit

Effektiwiteit meet die uitgawes se vermoë om inkomste te genereer. Indien 'n boerdery 60 sent se uitgawes vir elke R1.00 se inkomste het, is dit baie effektiwiteit. Daar bly 40% van die inkomste oor nadat produksie-uitgawes betaal is wat dan beskikbaar is om privaat uitgawes en leningspaaielemente mee te betaal. 'n Boerdery met 'n effektiwiteit van 10% sal nie in staat wees om hierdie uitgawes te betaal nie. Lae effektiwiteit kan die gevolg van 'n swak oes wees. Dit kan ook die gevolg wees van te hoë uitgawes. In die eerste geval is die kontanttekort tydelik en sal dit deur 'n beter seisoen reggestel kan word.

GOEIE BESTUURSPRAKTYKE 2.

FINANSIËLE BESTUUR

In die tweede geval is daar 'n strukturele probleem van 'n permanente aard wat slegs deur bestuursingryping reggestel kan word.

Skaal

Wanneer effektiwiteit hoog is maar die privaat uitgawes en paaielemente steeds nie betaal kan word nie, is daar 'n skaalprobleem in die boerdery. Dit is net te klein om vir die eienaar en die skuldeisers te sorg. Kontanttekorte kan verbeter word deur dieselfde vertakkings op 'n groter skaal te bedryf. Dit is nie altyd so maklik nie maar versuim om uit te brei kan egter beteken dat die solvabiliteit mettertyd deur die klein skaal van die boerdery verswelg gaan word.

Skuldias

Wanneer die skuldias te groot, te duur of oor te kort termyn terug betaal moet word, gaan die boerdery se kontantvloei daaronder lei. Skuld is egter nie noodwendig ongewens vir 'n boerdery nie maar dit moet vir die boerdery en nie téén die boerdery werk nie. 'n Boerdery met 'n solvabiliteit van 60% en hoër kan geleende kapitaal tot sy voordeel gebruik om sy effektiwiteit te verhoog, uit te brei om sy skaal reg te stel en om dus 'n beter rentabiliteit vir die boerdery te bewerkstellig. Die totale skuld van die boerdery moet dus nie meer as 40% van die totale bates se waarde beloon nie indien die bates teen 'n realistiese markwaarde waardeer is.

Bepaal u bestuursvermoë ten opsigte van goeie bestuurspraktyke met hierdie kort toets. Soos met enige self-evalueringsoefening sal die resultaat slegs van nut wees as u eerlik, realisties en reguit op die vrae antwoord. Die uitslag is dus so goed soos wat u dit self gaan maak.

2. FINANSIËLE BESTUUR

	Ja	Nee
2.1. U sal aanhou skuld maak solank as wat die bank dit vir u aanbied;	☐	☐
2.2. U maak nie skuld om inkomstebelasting te vermy nie en betaal ten minste inkomste-belasting op 'n gedeelte van u inkomste;	☐	☐
2.3. U weet wat solvabiliteit beteken en wat u eie boerdery se solvabiliteit is;	☐	☐
2.4. U weet wat rentabiliteit beteken en wat u eie boerdery se rentabiliteit is;	☐	☐
2.5. U neem deurlopend finansiële besluite en nie net aan einde van die finansiële jaar wanneer u belastingprobleme het nie;	☐	☐
2.6. Wanneer u skuld maak, koppel u die terugbetaling van 'n lening aan die lewensverwagting van die bate;	☐	☐
2.7. U onderhandel vir die beste rentekoerse, terugbetaaltermyne en sekuriteits-vereistes wanneer u skuld aangaan;	☐	☐
2.8. U boerdery het vir ten minste vier uit die laaste vyf jaar 'n wins gemaak	☐	☐
2.9. U koop onproduktiewe bates (privaat motor, dvd-speler, motorboot) met kontant en gaan slegs skuld aan om produktiewe bates te koop (grond, trekkers, ens);	☐	☐
2.10. U besin deeglik oor die koste en die voordele van nuwe tegnologie voordat u dit aanskaf.	☐	☐

Die korrekte antwoord op vraag 1 is NEE. Daarna is al die korrekte antwoorde JA. Vraag 1 verteenwoordig die verpligte vaardigheid wat u ten opsigte van die bestuursterrein móét uitvoer. Indien u punte hier verloor het moet u dit onmiddelik in u boerdery gaan regstel. Afdeling 2 (Vraag 2 – 4) verteenwoordig die basiese bestuursvaardighede. U behoort hier ook volpunte te behaal. Maak seker waar u punte verloor het en stel dit reg in u boerdery. Afdeling 3 (Vraag 5 – 7) verteenwoordig gevorderde bestuursvaardighede. Indien u hier 'n hoër persentasie behaal het, is dit 'n teken dat u oor bogemiddelde bestuursvaardighede beskik en meer as die nodige doen om u boerdery reg te bestuur. Afdeling 4 (Vraag 8 – 10) verteenwoordig die gesofistikeerde bestuursvaardighede. Indien u hier 'n hoër persentasie behaal het, is u aan die voorpunt van boerderybestuur. U het al die bestuursvaardighede onder die knie, u is innoverend en u implementeer vernuwings in u boerdery.

VERDERE INLIGTING:

Agricultural Extension Publications (ISU): www.extension.iastate.edu
Farm Business Planning Manual: www.ext.nodak.edu
Computus Bestuursburo: www.computus.info
Agribiz: www.agribiz.com
Ten habits of highly profitable farmers: www.agriweb.com
Farm Management by Ronald Kay & William Edwards